SPRAAK EN DRAMA SG **NOVEMBER 2006**

VRAAG 1

Vraag 1.1 is redelik goed beantwoord. Oor die algemeen gebruik die kandidate swak dramatiese woordeskat. Indien twee voorbeelde gegee moet word, gee hulle slegs een. Swak visualisering van verhoogtipe by vraag 1.6. Sommige kandidate plaas die karakters in die gehoor.
1.8.1 Swak beskrywing en begrip van resonansie.
1.8.2 Kandidate verwar toonhoogte met tempo. Die beskrywing van oefeninge by 1.9 was baie swak; sommige kandidate noem slegs ‘n oefening.

VRAAG 2

Hierdie vraag is oor die algemeen goed beantwoord.
By vraag 2.5 was die politieke boodskap en elemente nog onduidelik vir kandidate. Vraag 2.4 is besonder goed beantwoord en ek sal voorstel dat hierdie praktiese toepassingsvrae benadruk word in die voorbereiding vir eksamen.

VRAAG 3

Die bewaringsboodskap by vraag 3.4 is nog onduidelik aan kandidate. By vraag 3.5.3 kon kandidate nie verduidelik hoe om die klanke te skep nie. Kandidate is taalgebrekkig en vind dit moeilik om woorde te vind in verduideliking.

VRAAG 4

Kennis van die inhoud van die Drama is gebrekkig. Kandidate verwar Realisme met Epiese Teater en het swak begrip van Arm teater.

VRAAG 5

By vraag 5.3, moet kandidate eers *ja* of *nee* antwoord en dan ‘n rede verskaf. Vraag 5.2 en 5.4 is goed beantwoord.

VRAAG 6

By vraag 6.4 moes kandidate verwys na dialekte en taalgebruik en nie na situasies in die drama nie. By vraag 6.3.1 het kandidate die konsep van Epiese teater nie duidelik beskryf nie. By vraag 6.2.1 vind die kandidate dit moeilik om ‘n vergelyking te tref tussen Kanna en Moses. Waak teen onnodige herhaling en omslagtige beskrywings.